

WANDA AUGUSTYN skop af met 'n nuwe reeks, Fynbesnaar, waar sy gesels met Afrikaanse kunstenaars oor enige iets van Rembrandt van Rijn tot rooiwijn, lughawe-irritasies en musieknote.

# Mystic Boer tot Mystic Merlot

Hy *copy* geen CD's nie. Praat ook nie sommer lelik van iemand nie. Hy't gevorder van nagmaalwijn tot port en is vandag gek na Shiraz. Maar dis 'n Merlot wat in sy kelder onder sy versorgende hande vertroetel word – die Mystic Merlot. Dames en here, ontmoet die *gentleman* van Afrikaanse rock, Valiant Swart, of te wel Pierre Nolte.

Woensdagoggend 11 uur in 'n versengende Stellenbosch. Ek sien geen nommer by die huis nie. Nadat ek die klokke by sy huis drie maal gedruk het en die groot wolfhond my deurgesnuffel het, begin ek twyfel aan die tyd van die onderhoud. Is ek by die regte adres? Maar die swart Valiant in die skadu onder 'n afdak is 'n *dead giveaway*.

'n Blonde kop loer om die deur. "Ja?" Kom dan kaalvoet aangeloo in 'n khakie kortbroek en blou T-hemp. Ek word ingenooi in die pretensielose huis waar kitare en *amps* die voorportaal vol lê.

## Die liedjieman

Die feit dat musiek uit algehele stilte ontstaan, laat hom vandag nog verwonderd oor die loopbaan wat hom gekies het. "Voor die liedjie was daar niks. 'n Soniese vakuum," gesels hy rustig met 'n ongewoon sagte stem.

Hy't begin musiek maak in Standaard 6 in Hugenote Hoërskool, Wellington, waar hy ook gematrikuleer het. Homself geleer kitar speel toe hy 11 jaar oud

was. Van *heavy metal* tot boeremusiek. Is daar nog 'n plek daarvoor in ons samelewing? "O ja, beslis," sê hy. "Boeremusiek is veel meer as Sokkietreffers Volume 600 of al daai snert. Dis volksmusiek wat vergelykbaar is met Cajun in die Suide van die VSA. Daar's dieselfde Ierse en Franse invloede en boeremusiek het natuurlik vele Afrika-elemente as bonus."

Juis daarom is hy en Ollie Viljoen besig met 'n boeremusiek/blues/rock-projek. "Ons album verskyn eersdaags," vertel hy opgewonde. "Ons kombineer die tradisionele elemente van boeremusiek met blues-invloede. Daar's 'n klompie nuwe komposisies, sowel as nuwe verwerkings van 'n paar ou gunsteling. Ons is reeds bespreek vir al wat 'n kunstefees is, en in Augustus gaan ons in Europa toer."

Hy't middel 2006 sy 12de CD, Horisontaal, uitgereik en as hy rofweg moet skat al naby aan 3 000 optredes gehad. "Die CD doen goed. Ek's baie opgewonde daarvoor," vertel die man wat steeds maar 'n sagte plekkie vir Wellington het waar sy ma vandag nog woon.

Maar hy's besluiteloos tussen sy voorkeur vir 'n tuisgehoor of liever een uit die buitenland. "Jy's nou on-



Vriendelik en spitsvondig wel. Valiant Swart, een van die bekendste gesigte van alternatiewe Afrikaanse rockmusiek.

foto: Wanda Augustyn

regverdig met daardie vraag. Ek's ver-slaaf aan reis. So hoe antwoord ek nou? Alle *crowds* is lekker, maar as mens byvoorbeeld Londen toe gaan is dit 'n bietjie ekstra spesiaal om vir daai klop *expats* te speel dat hulle huil. Maar selfs dit sukkel weer om te kompeteer met 'n lekker aandjie in Dorpstraat Teater of Oppikoppi," vertel dié liedjieskrywer wat al voor gehore in die VSA, Engeland, Holland en Namibië gespeel het.

Sy pa was 'n bankrower. Die *getaway car* was 'n swart Valiant ... "Net 'n *party line*," verseker hy vinnig. Die naam het eintlik heel onbeplan en spontaan uitgepop op 'n *party* in 1988. "n Week na die vrolikhede het ek en Koos Kombuis (toe nog André Letoit) ontmoet. Na 'n

**"Die wiel buckle, maar hy draai."**

*jam*-sessie het hy my genooi om saam met hom in Hillbrow se kroë te speel. Hy wou weet wat my verhoognaam is. Toe ek hom sê Valiant Swart, het hy gesê: 'Goeie een, jy moet dit hou.'

Vandag, 19 jaar later, sing die man wat BA met Afrikaans-Nederlands en Engels as hoofvakke geswot het by Universiteit Stellenbosch, die land steeds aan die brand. Hy's veral bekend vir *Mystic Boer*, maar hoewel hy moeilik kies, is dit Sonvanger wat hom na aan die hart lê. "Seker maar omdat dit al so baie beteken het vir soveel mense."

Sy eerste CD, *Mystic Boer*, is in 1996 uitgereik. Tien jaar later is dit Horisontaal se beurt. "Hoe verskil die twee? Dit voel vir my op 'n manier maar dieselfde. Maar daar's tog progressie. Daar's meer musikale teksture in Horisontaal ingeweef. Met strykers, blaasinstrumente, klavier en orrel, agtergrondangers en dies meer. Essensieel is dit egter nog steeds die kitare en die dromme wat die hardste praat. En natuurlik die woorde."

Valiant Swart is sinoniem met alternatiewe Afrikaanse rockmusiek. Nadat die fundamente vir alternatiewe Afrikaanse *rock* deur manne soos Koos Kombuis en Johannes Kerkorrel deur die voeëlry-beweging tot stand gebring

is, is Valiant Swart seker die bekendste kunstenaar wat dit uitgebou het tot wat dit vandag is. Daarom was sy kraakskoon beeld in *Song* vir Katryn ietwat anders as die Valiant Swart wat ons almal ken.

Van sy lojale *fans* het hom uitgejou as iemand wat homself uitverkoop het. Terselfdertyd het hy miljoene nuwe aanhangers bygekry. En Pierre is mal oor hulle. "Die kinders, die oumense, almal," lag hy. As bewys loop daar glo heelwat honde, katte, rotte, konyne en kokketele met dieselfde naam: Jinx!

Sy inspirasie het hy ver loop haal. By die koning self, The Shadows, Bob Dylan, die Rolling Stones en JJ Cale. "Daar's eenvoudig net te veel om op te noem," lag hy.

Wanneer hy tot wie weet watter tyd in die nag werk, wissel die prosesse nogal heelwat. Soms sit hy met 'n lekker frase wat net moet uit en soms sit hy met 'n deuntjie in sy kop wat smeek om vasgepen te word. Hoe dit altyd vars en nuut bly, het hy nie 'n vaagste benul nie. "Dis maar wat ek doen."

Kan dan nie te moeilik wees vir 'n man wat die kitaar sien as die sexyste musiekinstrument nie. "Die kurwes seker maar," antwoord hy op my geboogde wenkbroue.


Die heel lekkerste ding aan Afrikaanse musiek vir hom is die oorweldigende ondersteuning wat Afrikaanse musiek tans geniet. En die slegste? "Daar's drie komponente – middelmatigheid, eenselwigheid en kommingeit."

As pa van twee kinders, Robert, wat hierdie jaar hoërskool toe gaan, en Helena, wat nou drie jaar oud is, is die lewe steeds vir hom ook 'n leerskool. Dat iemand nou kan dink dat hy *uncool* is, is bloot ondenkbaar. "Dis tog so," vertel hy glimlaggend. "My dogtertjie aanbid my en my seun dink als aan my – my hare, my klere, my idees – is vreeslik *uncool*. Ek kners maar net op my tande."

#### **Die wynman**

Buiten sy twee kinders, is daar nog 'n baba wat hy vertroetel – die *Mystic Merlot*. Die wyn het hy gekry by Jan en Michael Klue van Wolvendrift tussen Robertson en Bonnievale. Die spesifieke wyn het glo vir Jan 'n trofee besorg tydens die Jongwynskou van 2006.

**"As ek iets in Suid-Afrika kon verander, sou ek alle kunstenaars van belasting onthef, die lughawe by Bredasdorp vir passasiers-vliegtuie oopstel, Gauteng sloop en wynbottels groter maak."**



Dit het vir 'n hele paar maande – tien om spesifiek te wees – in een enkele vat in sy kelder, De Oude Rowerspelonk, gerus en is onlangs deur 'n familiespanpoging gebottel. “Harde werk. Daar's nou 207 bottels. Ek het nooit besef dis soveel harde werk nie hoor,” gesels hy terwyl hy my rondwys in die piepklein keldertjie waar halfvol wynrakke, skilderye met wyntemas en selfs 'n Rembrandt-afdruk, die vat en 'n hele paar leë bottels die plek versier.

Self speel hy 'n groot rol in die wynbedryf. “Ek hou so een of twee lorries op die pad,” lag hy terwyl hy vir ons 'n glasië van sy Mystic Merlot skink. “Volgende jaar gaan ek my eie wyn maak. Hierdie keer het ek net met die hout gespeel, maar die hele proses fassineer my. Dink net aan die party wat ons kan hou as die druiwe getrap moet word.”

Vlieë, muskiete, muggies, opdringerige mense en warm bier is Pierre se Nemeses. Hy's ook nie 'n Angelina óf Jennifer fan nie. Laat mens nogal wonder oor wat dié skraal man se

klokkie lui, soos hy self sou sê. Hy't eenmaal 'n liedjie oor verleiding geskryf. Oor die ou wat dit nie kon weerstaan om vir die meisie te gaan kuier nie. Seker nie toeval dat hy dit geskryf het die eerste paar maande nadat hy een sekere Lanelle ontmoet het nie.

Vir Pierre is daar min dinge wat kan kersvashou by 'n beesfilet en Shiraz. Of snoekbraai met 'n glasië Sauvignon Blanc in die hand. Dan raak hy dikwels erg filosofies. “As ek myself moet beskryf? Vriendelik, spitsvondig en vaartbelyn.”

As hy iets in Suid-Afrika kon verander? “Ek sou alle kunstenaars van belasting onthef, die lughawe by Bredasdorp (sy gunsteling plek waar hy bitter graag 'n huisie wil koop) vir passasiersvliegtuie oopstel, Gauteng sloop en wynbottels groter maak.”

En terwyl hy die wêreld 'n beter plek hoop, sal hy sing. Want die lewe gaan aan. “Ek sê mos, die wiel *buckle*, maar hy draai!” •

**“Volgende jaar gaan ek my eie wyn maak. Hierdie keer het ek net met die hout gespeel, maar die hele proses fassineer my. Dink net aan die party wat ons kan hou as die druiwe getrap moet word.”**



Daar is al 207 bottels wyn van die Mystic Merlot. Dié moet blykbaar vir twee weke lê om oor die bottelskok te kom. Pierre het uitgewerk dat dit presies twee dae voor die nuwe jaar reg sal wees om te drink!